| LAERSKOOL<br>DOELGERIG TYGERPOORT<br>BELEID EN PROSEDURE: BESTUUR VAN DIE LAERSKOOL TYGERPOORT | GOEDGEKEUR:<br>Beheerliggaam: Voorsitter<br>Hoof | 23 /02 /2026<br>Datum<br>*Hersien: 17 November 2025* |
|---|---|---|

**KLEREDRAG (SKOOLDRAG)**

## 1. SOMERSDRAG

### 1.1 DOGTERS

- 'n Wit katoenhemp met 'n kraag (kortmoue met knope).
- 'n Grys rompie met 'n swart kleefbroek ("hot-pants") / grys broekrompie ("skort").
- Kort, grys skoolkouse en swart skoolskoene met 'n gespe of skoene wat toeryg.
- Leerders mag ook kaalvoet skool toe kom.
- 'n Rooi "fleece"-top met die skoolwapen op.
- Rooi en swart sportsweetpakbaadjie mag met somersdrag gemeng en -pas word.
- Op LO-dae mag die sportsweetpak saam met die LO-drag gedra word.
- OPSIONEEL: Rooi oortrektrui (pullover) met die skoolwapen onder die skouer en met twee swart strepe in die V-nek.
- Graad 7-groep: Die graad 7-groep dra 'n swart oortrektrui (pullover) gedurende die jaar. Daar <u>moet</u> 'n skoolwapen op die oortrektrui geborduur wees, soos deur die klerekomitee voorgeskryf en goedgekeur.
- **ISF mag LO-drag op die dae dra waarop hulle LO het.**
- **GSF dra LO-drag op Maandae, Woensdae en Vrydae.**
- Graad 4 tot 7-leerders dra tydens eksamentye (Junie en November) skooldrag en nie LO-drag nie.
- Die sportpet mag gedurende pouse en met sportgeleenthede saam met die skooldrag en LO-drag gedra word.

### 1.2 SEUNS

- 'n Wit katoenhemp met 'n kraag (kortmoue met knope).
- Kort, grys skoolbroek.
- Lang, grys skoolkouse en swart skoolskoene wat toeryg.
- Leerders mag ook kaalvoet skool toe kom.
- 'n Rooi "fleece"-top met die skoolwapen op.
- Rooi en swart sportsweetpakbaadjie mag met somersdrag gemeng en -pas word.
- Op LO-dae mag die sportsweetpak saam met die LO-drag gedra word.
- OPSIONEEL: Rooi oortrektrui (pullover) met die skoolwapen onder die skouer en met twee swart strepe in die V-nek.
- Graad 7-groep: Die graad 7-groep dra 'n swart oortrektrui (pullover) gedurende die jaar. Daar <u>moet</u> 'n skoolwapen op die oortrektrui geborduur wees, soos deur die klerekomitee voorgeskryf en goedgekeur.
- **ISF mag LO-drag op die dae dra waarop hulle LO het.**
- **GSF dra LO-drag op Maandae, Woensdae en Vrydae.**
- Graad 4 tot 7-leerders dra tydens eksamentye (Junie en November) skooldrag en nie LO-klere nie.
- Die sportpet mag gedurende pouse en met sportgeleenthede saam met die skooldrag en LO-drag gedra word.

## 2. WINTERSDRAG

### 2.1 DOGTERS

- 'n Wit katoenhemp met 'n kraag (lang- of kortmoue met knope).
- 'n Grys rompie met 'n swart kleefbroek ("hot-pants") / grys broekrompie ("skort") of 'n grys langbroek vir dogters.
- Lang, grys skoolkouse wat net onder die knie sit (saam met broekromp) en swart skoolskoene met 'n gespe of skoene wat toeryg.
- Lang, swart broekiekouse saam met broekromp en swart skoolskoene met 'n gespe of skoene wat toeryg.
- 'n Rooi "fleece"- top met die skoolwapen op.
- Rooi en swart sportsweetpakbaadjie mag met die wintersdrag gemeng en -pas word.
- Die goedgekeurde "buff" mag in plaas van 'n serp in die wintermaande gedra word. Die "buff" mag ook saam met LO- en sportdrag gedra word.
- Op LO-dae mag die sportsweetpak saam met die LO-drag gedra word.
- OPSIONEEL:
  - Rooi oortrektrui (pullover) met die skoolwapen onder die skouer en met twee swart strepe in die V-nek.
  - Slegs rooi of swart handskoene
  - GEEN musse nie
- Graad 7-groep: Die graad 7-groep dra 'n swart oortrektrui (pullover) gedurende die jaar. Daar moet 'n skoolwapen op die oortrektrui geborduur wees, soos deur die klerekomitee. voorgeskryf en goedgekeur.
- Graad 7-groep: Die graad 7-groep dra 'n skooldas gedurende die jaar wat deur die skool voorsien word.
- **ISF mag LO-drag op die dae dra waarop hulle LO het.**
- **GSF dra LO-drag op Maandae, Woensdae en Vrydae.**
- Leerders dra tydens eksamentye (Junie en Desember) skooldrag en nie LO-klere nie.

### 2.2 SEUNS

- 'n Wit katoenhemp met 'n kraag (lang- of kortmoue met knope).
- Lang, grys skoolbroek.
- Lang, grys skoolkouse (saam met grys kortbroek) en swart skoolskoene wat toeryg.
- 'n Rooi "fleece"- top met die skoolwapen op.
- Rooi en swart sportsweetpakbaadjie mag met die wintersdrag gemeng en -pas word.
- Die goedgekeurde "buff" mag i.p.v. 'n serp in die wintermaande gedra word. Die "buff" mag ook saam met LO- en sportdrag gedra word.
- Op LO-dae mag die sportsweetpak saam met die LO-drag gedra word.
- OPSIONEEL:
  - Rooi oortrektrui (pullover) met die skoolwapen onder die skouer en met twee swart strepe in die V-nek.
  - Slegs rooi of swart handskoene
  - GEEN musse nie
- Graad 7-groep: Die graad 7-groep dra 'n swart oortrektrui (pullover) gedurende die jaar. Daar moet 'n skoolwapen op die oortrektrui geborduur wees, soos deur die klerekomitee voorgeskryf en goedgekeur.
- Graad 7-groep: Gedurende die jaar dra die graad 7-groep 'n skooldas wat deur die skool voorsien word.
- **ISF mag LO-drag op die dae dra waarop hulle LO het.**
- **GSF dra LO-drag op Maandae, Woensdae en Vrydae.**
- Leerders dra tydens eksamentye (Junie en Desember) skooldrag en nie LO-klere nie.

## 3. LO-DRAG: SEUNS EN DOGTERS

- Swart LO-broek en rooi sporthemp.
  (Seuns: sporthemp met moue, Dogters: sporthemp met moue of die moulose hemp)
- Sportsweetpakbroek en -baadjie
- Swart sportkouse en sportskoene.
- In die somer mag LO-klere ook sonder skoene gedra word.
- Die rooi sportpet mag saam met LO-drag gedra word.

## 4. SPORTDRAG

### 4.1 DOEL

Die doel is om te verseker dat alle leerders wat ons skool tydens sportgeleenthede verteenwoordig, identifiseerbaar is met ons skool se kleure en etos. Hulle moet netjies geklee wees en ten alle tye professioneel optree . Eenvormige sportkodes moet geskep en 'n tradisie van toepaslike kleredrag vir elke aktiwiteit vasgestel word.

### 4.2 ROL VAN DIE KLEREKOMITEE

Alle sportspanne se kleredrag moet aan die klerekomitee voorgelê word. Die voorskrifte word uiteengesit en die nodige prosedure sal streng gevolg word. Daar moet aan die korrekte spesifikasies voldoen word.

Die doel is om te verseker dat die toewysing en implementering van kleredrag by Laerskool Tygerpoort deursigtig en volgens die voorskrifte en beleidsverklaring van Laerskool Tygerpoort se Beheerliggaam op alle terreine geskied.

Die Skooluniform en sportdrag van Laerskool Tygerpoort word deur die Beheerliggaam van die skool goedgekeur nadat 'n volledige proses gevolg is. Eenvormigheid moet ten alle tye nagestreef word en daarom moet alle wysigings eers deur 'n volledige proses van goedkeuring (waartydens alle rolspelers voor finale goedkeuring geken moet word) gaan.

### 4.3 PROSEDURE VIR DIE HANTERING VAN BORGE EN BETALING AAN DIENSVERSKAFFERS

Borge wat kleredrag, sakke of enige ander items vir 'n seisoen borg, word per geleentheid verkry. Die personeellid verantwoordelik vir die span, of die persoon wat die borg gekry het, moet toesien dat die volgende prosedure gevolg word:

- Daar moet eerstens 'n kwotasie gekry word. Die bedrag waarvoor die borg verantwoordelik is, moet aan die betrokke borg voorsien word sodat die borg absolute duidelikheid het oor kostes wat aangegaan sal word.
- Die sporthoof of kultuurhoof (van die betrokke afdeling) moet kennis dra van die aangeleentheid en bewus wees van alle kommunikasie.
- 'n Onderneming om die bedrag te vereffen moet deur die borg onderteken word.
- Bestellings sal eers geplaas word, sodra die borg 50% van die totale bedrag aan die skool betaal het.
- Daarna word bestellings by die klerewinkel geplaas.
- Die persoon wat met die borg onderhandel het, moet seker maak dat die fondse inbetaal is.
- Voordat die kledingstukke afgelewer is, moet die uitstaande bedrag dan aan die skool betaal word.
- Indien 'n borg nie die verpligting nakom nie, is die Beheerliggaam daarvoor verantwoordelik om 'n sanksie in te stel om die saak te besleg.

## 4.4 PROSEDURE VIR DIE VERVANGING OF HERNUWING VAN 'N KLEREREEKS

Indien daar 'n behoefte rondom 'n kledingstuk of reeks ontstaan, moet daar 'n goedgekeurde, deursigtige proses gevolg word:

- Behoeftebepaling.
- Koste-implikasies.
- Volledige voorlegging met kostestruktuur asook verifiëring van spesifikasies met verskaffer.
- Volledige klerekomitee met ouerverteenwoordiging vergader vir vooraf goedkeuring.
- Na goedkeuring word dit na die skoolbestuur verwys .
- Met goedkeuring word dit na die Beheerliggaam verwys – dit kan ook die Dagbestuur van die Beheerliggaam wees.
- Goedkeuring is slegs geldig indien die Beheerliggaamvoorsitter en hoof die versoek skriftelik afgeteken het.
- Alle skriftelike voorleggings en spesifikasies met afgetekende goedkeurings, moet vir ten minste drie jaar in veilige bewaring by die voorsitter van die klerekomitee gehou word.
- Borge of donateurs se skriftelike bevestiging van mandaat word gefinaliseer.
- Indien die kleredrag van 'n aktiwiteit geborg word, mag die woord "Tygies" nie saam met die skoolwapen gebruik word nie. Slegs "Laerskool Tygerpoort" word met die skoolwapen geassosieer.
- Die woord "Tygies" verskyn op informele drag, soos bv. opwarmingshemde ens., waarby 'n borg betrokke is.

## 4.5 SPORTKODES

### 4.5.1 RUGBY

#### 4.5.1.1 Eerstespan (o.13A):

- Die 1ste span (o.13A) dra hul skooldrag wanneer hulle vir 'n wedstryd vertrek. (tuiswedstryde ingesluit).
- Tydens die liga sal die o.13A-span met die 1ste-span trui en rooi/wit broek speel. (Sien voorbeeld)
- Die 1ste span (o.13A) kan die eerstespan rooi das saam met skooldrag dra in die seisoen.
- Die 1ste span (o.13A) kan die eerstespan baadjie saam met skooldrag dra.
- Seuns wat vir die eerste span gekies word, word "gecap" tydens die spanbekendstellingseremonie en ontvang 'n genommerde Tygerpoort keps. (Sien sportbeleid vir spanbekendstellingseremonies) Hierdie kepse mag op wedstryddae skool toe gedra word, buite klasse en voordat wedstryde begin.

#### 4.5.1.2 Res van die skool (bulletjies ingesluit):

Voorgestelde rugby-skooltrui en swart rugbybroekie. (Alle spanne moet identies lyk)

### 4.5.2 NETBAL EN HOKKIE (DOGTERS)

#### 4.5.2.1 Eerstespan:

Tydens die liga sal die o.13A-span met dié 1ste-span uitrustings speel. Hierdie span staan bekend as die eerstespan van die skool en word toegelaat om in die eerstespanrokkies te speel. Die ontwerp is hoofsaaklik wit en word vir al die eerstespanne regdeur die skool gebruik. Daarmee saam, kan die spelers 'n swart eerstespanbaadjie en -das aankoop by die klerewinkel. Dit koste bly die verantwoordelikheid van die ouer.

**4.5.2.2 Ander spanne:**

- Sportrokkie
- LO-broek (vir netbal-oefeninge).
- LO-hemp (netbal-oefeninge).
- Swart broekie (onder die rompie) vir netbal en hokkie.
- Lang, rooi kouse met "TYGIES" daarop, vir hokkie.
- Kort, swart kouse vir netbal.
- Sportsweetpak (rooi baadjie en swart langbroek). Skoolwapen op die baadjie.
- Alle spanne van o.9 tot o.13 (o.13A uitgesluit) sal in dieselfde wedstrydklere speel om 'n eenvormige en professionele voorkoms tydens ligawedstryde en toere te verseker.

**4.5.2.3 Mininetbal en -hokkie:**

- LO-broek (netbal-oefeninge).
- LO-hemp (netbal-oefeninge).
- Swart broekie (onder die rompie) vir netbal en hokkie.
- Lang, rooi kouse met "TYGIES" daarop, vir hokkie.
- Kort, swart kouse vir netbal.
- Sportsweetpak (rooi baadjie en swart langbroek). Skoolwapen op die baadjie.

## 4.5.3 HOKKIE (SEUNS)

**4.5.3.1 Eerstespan:**

Tydens die liga sal die o.13A-span met die 1ste-span uitrustings speel. (Sien voorbeeld)

**4.5.3.2 Ander spanne:**

- LO-broek
- LO-hemp met moue

## 4.5.4 SAGTEBAL

**4.5.4.1 Eerstespan:**

Tydens die liga sal die o.13A-span met die 1ste-span uitrustings speel. (Sien voorbeeld)

**4.5.4.2 Ander spanne:**

- 'n Spesifieke sagtebalhemp met 'n swart sagtebalbroek word saam met tekkies gedra.

## 4.5.5 ATLETIEK

**4.5.5.1 Seuns:**

- Atletiekfrokkie
- LO-broek of swart kleefbroek (sonder handelsmerk).
- **SPORTSWEETPAK mag gedra word.**

**4.5.5.2 Dogters:**

- Atletiekfrokkie
- LO-broek of swart kleefbroek (sonder handelsmerk).
- **SPORTSWEETPAK mag gedra word.**

Atlete moet 'n LO-broekie bo-oor die kleefbroek dra, wanneer hulle nie deelneem nie.

## 4.5.6 KRIEKET

**4.5.6.1 Eerstespanne:**

Tydens die liga sal die eerstespan met die goedgekeurde 1ste-span uitrusting speel.

**4.5.6.2 Ander spanne:**

Amptelike kriekethemp (75% wit) van die skool, saam met die wit krieketbroek.

**4.5.6.3 Aandliga-span:**

- Die o.13 en o.11-aandliga-spanne sal (indien hulle 'n borg bekom) toegelaat word om een uitrusting te laat maak vir die aandliga.
- Die ontwerp moet egter vooraf deur die klerekomitee goedgekeur en deur die goedgekeurde verskaffers van die skool vervaardig word.
- **Leerders:** Tydens wedstryde dra die spelers die Tygerpoort-kriekethemp en wit langbroek. Vir die eerstespan en die aandliga-spanne kan die drag verskil van bo-genoemde indien daar 'n borg daarvoor gekry is.
- Seuns moet in hul krieketdrag aanmeld vir 'n wedstryd: Tygerpoort-kriekethemp, wit langbroek en tekkies
- Seuns word aangemoedig om reeds tweede pouse aan te trek vir wegwedstryde, ten volle geklee in hul Tygerpoort-krieketdrag.
- Daar kan deur die afrigters versoek word dat leerders LO-drag aantrek vir oefeninge. Die doel hiervan is om 'n gevoel van samehorigheid en 'n atmosfeer van dissipline te skep.
- Alle klere moet egter deur die klerekomitee goedgekeur wees.
- **Afrigters:** Sportdrag word tydens oefeninge gedra. Tydens wedstryde word 'n netjiese chino langbroek, 'n wit kriekethemp en netjiese skoene gedra.

## 4.5.7 TENNIS

**4.5.7.1 Eerstespanne:**

Tydens die liga sal die Oop A-spanne (seuns en dogters) met die 1ste-span uitrustings speel.

**4.5.7.2 Ander spanne:**

- Seuns: LO-broek en amptelike tennishemp.
- Dogters: LO-broek / netbalromp en amptelike tennishemp.

## 4.5.8 PERDESPORT

- Alle ruiters moet die amptelike perdesporthemp van die skool met die gepaste broek en stewels dra.
- Die LO-hemp kan ook gedra word. (Nuwe ruiters moet in kwartaal 1 hul hemde by die organiseerder bestel.)

## 4.5.9 SKAAK

- Leerders neem in amptelike skooldrag deel.
- Leerders mag die skool se skaakpet na wedstryde dra.

## 4.5.10 GHOLF

Leerders neem in gepaste langbroeke / kniebroeke met gordels en die amptelike gholfhemp van die skool, deel. (Die organiseerder sal voor elke wedstryd hemde aan die spelers voorsien.)

## 4.5.11 LANDLOOP

Leerders neem in hul atletiekdrag deel.

## 4.5.12 PETTE EN "PEAKS"

Goedgekeurde pette en visors mag saam met sportdrag gedra word.

## 4.5.13 SPORTSWEETPAKKE

- Sportsweetpakke kan saam met atletiek- en LO-drag gedra word.
- Die sportsweetpakbaadjie mag as deel van skooldrag gedra word en nie net slegs by sportgeleenthede nie.

### 4.5.14 EERSTESPANBAADJIE

- Alle leerders wat gekies word om 'n eerstespan in enige sportsoort te verteenwoordig, sal 'n skrywe ontvang waarin toestemming gegee word om die eerstespanbaadjie by die klerewinkel aan te koop.
- Die leerders mag hiérdie baadjie deur die loop van die jaar dra.
- Die leerder mag sy naam op die eerstespanbaadjie druk. (o.13A)

### 4.5.15 TOERDRAG (o.13A uitgesluit) (Sluit alle sportkodes in)

- Enige drag wat op 'n toer gebruik of gedra word, verteenwoordig die skool, aangesien die skool se naam aan die spesifieke span gekoppel is.
- Enige klere wat as spandrag gedra word, moet deur die klerekomitee goedgekeur word, al is die wapen of naam van die skool nie op die drag sigbaar nie.
- Toerdrag kan oor 'n tydperk van 4-5 jaar vernuwe of vervang word, sodat kontinuïteit behou word en om onnodige kostes te beperk
- Eenvormigheid is verpligtend vir toere waar meer as een span betrokke is. Die organiseerders neem die finale besluit oor die goedgekeurde toerhemde wat tydens die toer gedra moet word.
- Toerspanne mag die volgende kledingstukke en toerusting aanskaf of laat borg. (o.13A uitgesluit)
    - Twee Doelgerig-hemde (Swart en Rooi)
    - Een addisionele toerhemp (Swart hokkiehemp)
    - Tygerpoort Hoody
    - Tygerpoort rugsak
    - Waterbottel

**Let wel:** Alhoewel die Tygie-toerhemde dieselfde ontwerp sal hê vir alle spanne, sal borglogo's per span verskil, afhangende van die borgskap. Daar sal ook 'n spesifieke plek wees waar die borg sy naam mag opsit.

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
|  |  |  |

### 4.5.16 TOERDRAG EERSTESPANNE

- Enige drag wat op ’n toer gebruik of gedra word, verteenwoordig die skool, aangesien die skool se naam aan die spesifieke span gekoppel is.
- Enige klere wat as spandrag gedra word, moet deur die klerekomitee goedgekeur word, al is die wapen of naam van die skool nie op die drag sigbaar nie.
- Toerdrag kan oor ‘n tydperk van 4-5 jaar vernuwe of vervang word, sodat kontinuïteit behou word en om onnodige kostes te beperk
- Eenvormigheid is verpligtend vir toere waar meer as een span betrokke is. Die organiseerders neem die finale besluit oor die goedgekeurde toerhemde wat tydens die toer gedra moet word.
- Eerstespanne mag die volgende kledingstukke en toerusting aanskaf of laat borg. (o.13A)
    - Twee Doelgerig-hemde met die tier op die mou. (Swart en Rooi)
    - Een addisionele toerhemp (Ontwerpe sal bygevoeg word)
    - Twee addisionele hemde wat jaarliks kan vernuwe of vervang kan word
    - Tygerpoort Hoody
    - Eerstespandas, -baadjie en -hoed (soos deur die spesifieke sportkode bepaal)
    - Sakke (Nie noodwendig die Tygerpoortsak nie)
    - Waterbottels
    - Handdoek
    - Kouse
- Die spanafrigter het die opsie om een van die volgende addisionele moontlikhede te kies:
    - een addisionele oefentrui of
    - ‘n langmou opwarmingstop

## 5. KULTUUR

### 5.1 Redenaarskompetisies:
Leerders neem in skooldrag deel.

### 5.2 Eisteddfod/kunswedstryde:
Leerders neem in skooldrag deel, behalwe in die geval waar ’n kostuum vereis word.

### 5.3 Koor:
- Koorlede huur die voorgeskrewe koordrag. Leerders maak gebruik van eie langmou skoolhemp. Swart kouse en swart skoolskoene word gedra.
- ’n Informele T-hemp kan met uitstappies en ander voorafgereëlde geleenthede aangetrek word.
- Die seniorkoor het ’n baadjie wat bo-oor die koordrag na optredes en koorfunksies gedra word. Hierdie baadjie mag ook as deel van skooldrag gebruik word.

### 5.4 Marimba-orkes:
Orkeslede huur die voorgeskrewe orkesdrag teen ‘n vasgestelde bedrag. Leerders maak gebruik van eie denim langbroek met wit tekkies.

### 5.5 Pom-poms:
- Die skool koop pom-poms aan wat skooleiendom bly.
- Die organiseerders besluit op die kostuums wat jaarliks of tweejaarliks vervang word.
- Ouers dra die kostuumkostes.

### 5.6 Revue:
- ’n Revue T-hemp, kan by informele geleenthede sowel as na optredes gedra word.
- Revue T-hemde word een maal per jaar bestel.
- Kostuums word bestel nadat dit betaal is.
- Die kostuums bly die lid se eiendom.

## 6. FORMELE BAADJIE/"BLAZER"

- Formele baadjies is vir spesiale geleenthede beskikbaar vir intersenfase-leerders (gr. 4-7) en sal vir die betrokke aktiwiteit verhuur word.
- Die baadjies kan by die klerewinkel gehuur word, hetsy vir sport-, kultuur- of akademiese prestige-geleenthede.
- Voorwaardes vir die huur van die baadjie is by Addendum A aangeheg.
- Hoofleiers van die skool (voorsitters, ondervoorsitters en hoofseuns en –dogters) mag die baadjies per kwartaal huur. Die baadjies sal in die leiervoogde se stoorkamers gebêre word vir veilige bewaring. Leiers kan dit, wanneer dit benodig word, gaan haal en terug-besorg.
- Hierdie baadjies mag egter nie gedurende skoolure, die hele dag gedra word nie. Dit mag slegs vir die duur van saalopening of Gewyde Sang gedra word.

### 6.1 Die baadjie word saam met die volgende gedra:

#### 6.1.1 Dogters

- 'n Wit katoenhemp met kraag (graad 7-skooldas).
- 'n Grys rompie met 'n swart kleefbroek/ "hot-pants" of grys langbroek.
- Kort, grys skoolkouse of swart broekiekouse en swart skoolskoene met 'n gespe of skoene wat toeryg.
- OPSIONEEL: Oortrektrui (pullover) met die skoolwapen onder die skouer en twee swart strepe in die V-nek.

#### 6.1.2 Seuns

- 'n Wit katoenhemp met kraag.
- Kort of lang, grys skoolbroek.
- Lang, grys skoolkouse en swart skoolskoene wat toeryg.
- OPSIONEEL: Rooi oortrektrui (pullover) met die skoolwapen onder die skouer en twee swart strepe in die V-nek.

## 7. ALGEMENE VOORKOMS

### 7.1 Dogters:

- Moet die voorgeskrewe skool-/sportdrag dra.
- Moet ten alle tye netjies vertoon.
- Seëlringe: 'n Goue of silwer ringetjie mag gedra word.
- Geen armbande van enige aard mag gedra word nie.
- Oorringetjies: Slegs een stel knoppies of ringetjies mag gedra word of die oorbelletjies met die skoolwapen, wat in die klerewinkel beskikbaar is.
- Naels moet kort, skoon en netjies versorg wees.
- Geen naellak of grimering mag gedra word nie.
- Hemde mag nie uithang nie.
- Hare mag nie aan die oë raak nie – kuif moet 1 cm bokant die wenkbroue wees.
- Lang hare mag nie los gedra word nie. Slegs wit, rooi of swart rekkies, haarbande, "scrunchies" en linte mag gedra word.
- Hare mag nie gekleur word nie – ook geen "sonstrepe" nie.
- Sien Gedragskode-beleid vir volledige beskrywing van algemene voorkoms.
- Haarstukke: Haarstukke wat in die hare geplaas word, moet dieselfde kleur as die natuurlike hare wees om 'n netjiese en eenvormige voorkoms te verseker.

**7.2 Seuns:**

- Moet die voorgeskrewe skool/sportdrag dra.
- Moet ten alle tye netjies vertoon.
- Kettings, ringe en armbande is verbode.
- Naels moet kort, skoon en netjies versorg wees.
- Hemde mag nie uithang nie.
- Kort, netjiese haarstyle is toelaatbaar.
- Geen uitspattige haarstyle word toegelaat nie.
- Hare mag nie aan oë raak nie – kuif moet 1 cm bokant die wenkbroue wees.
- Hare mag nie aan kraag raak nie; mag ook nie 'n dik wal in die nek vorm nie.
- Geen "steps" mag in die hare gesny word nie.
- Geen vreemde lyne mag in die hare geskeer word nie.
- Hare mag nie gekleur word nie – ook geen "sonstrepe" nie.
- Haarprodukte soos "gel" en "wax" mag gebruik word om hare netjies in toom te hou, maar nie om haarstyle te "vorm" nie.
- Die produkte moet keurig gebruik word sodat dit nie duidelik sigbaar is nie – hare mag nie soos "stokkies" vertoon nie.
- Sien Gedragskode-beleid vir volledige beskrywing van algemene voorkoms.

## 8. ALGEMEEN

- Kulturele gewoontes sal individueel hanteer word.
- Allergie-hangertjies of mediese armbandjies is toelaatbaar.
- Alle skoolfunksies en uitstappies word in skooldrag bygewoon. Dit sluit die dra van skoolskoene in, tensy anders gereël word.
- In die winter mag die skool "buff" en swart handskoene gedra word.
- Geen klapmusse (balaklawas) mag gedra word nie.
- Skooldrag is 'n trotse kenteken van ons skool en daarom word daar van elke leerder verwag om by die kleredragreëls te hou en dit te respekteer.
- Leerders mag op die dag wat hulle verjaar met gewone klere skool toe kom. Klere moet egter gepas wees en steeds netjies, smaakvol en betaamlik wees. Hare word steeds gedra volgens normale skooldrag. Geen los hare sal toegelaat word nie. (Indien die skoolbestuur vind dat daar nie voldoende samewerking is nie, kan die voorreg opgeskort word)
- Spesiale dae: (Valentynsdag, Loslitdag, ens.) Inligting oor so 'n geleentheid sal in die nuusbrief aangekondig word. Dieselfde reëls geld soos met verjaarsdae - netjiese en gepaste drag en hare volgens skoolreëls.
- Balkies wat amptelik deur skoolgeaffilieerde aktiwiteite se bestuur oorhandig word, mag saam met skooldrag gedra word.

## 9. PROSEDURE VAN GOEDKEURING VAN KLEDINGSTUKKE EN ANDER ITEMS

- Borge of afrigter stuur 'n versoek van items wat goedgekeur word na die organiseerder van die aktiwiteit. 'n Reeks van voorlopige ontwerpe moet die versoek vergesel.
- Organiseerder stuur versoek met ontwerpe per e-pos of WhatsApp na die voorsitter van die klerekomitee.
- Die klerekomitee sal die versoek oorweeg en so gou as moontlik die uitslag aan die organiseerder verskaf.
- Versoeke van goedkeuring, moet ten minste 4-6 weke voor die aanvang van die eerste ingebruikneming van die items geplaas word, sodat daar genoeg tyd is vir die maak van die produkte.
- Alle items moet dus voor die aanvang van die seisoen voorgelê word vir goedkeuring.

*ADDENDUM A*

LAERSKOOL

DOELGERIG

TYGERPOORT

## VOORWAARDES EN HUUR VAN FORMELE BAADJIES

- Huurkoste per week: R50
- Huurkoste per maand: R200
- Huurkoste per kwartaal: R350
- 'n Addisionele bedrag van R300 (kontant) is terugbetaalbaar, sodra die baadjies terugbesorg is. (Uitgesluit van die huurkoste)

**Huurperiode**

- Vir die huur van 'n baadjie is twee opsies beskikbaar.
- Opsie 1: Vir 'n tydperk van 31 dae vanaf die dag van ontvangs
- Opsie 2: Vir 'n volle kwartaal. Met hierdie opsie, moet die baadjie voor of op die laaste dag van die kwartaal terugbesorg word.
- Enige laat terugbesorging is onderhewig aan 'n ekstra R50 per dag huurgeld na die afsnydatum, wat van die deposito verhaal sal word.
- Slegs kontant-deposito's sal aanvaar word.

**Deposito's en terugbetalings**

- Sodra gehuurde items die winkel verlaat het, kan hulle nie verruil of teruggestuur word vir terugbetaling van huurgeld nie.
- Die kliënt moet seker maak dat hulle tevrede is met die keuse en die grootte van die baadjie voordat die items uit die winkel verwyder word.
- Indien daar enige skade aan die baadjie is, word die deposito verbeur.
- Kontant-deposito sal terugbetaal word sodra die baadjie ingehandig en inspeksie van baadjie voltooi is.

**Algemene inligting**

- Leerder se inligting, asook naam en van moet vir ALLE ontvangs van huurgeld verskaf word.
- Kliënte hoef nie die baadjies te was nie. Die skool stuur self die baadjies na die droog-skoonmakers toe.
- Alle baadjies moet in dieselfde toestand, soos wat in ontvangs geneem is, terugbesorg word. Enige skade (brandgate, vlekke, ens.) en items wat nie terugbesorg word nie, sal teen die volle waarde van die kledingstuk gehef word.
- Geen waarborge op grootte indien die item nie vooraf aangepas word nie.